In die April 2022 nuusbrief:

In my ballon - Het jy geweet? - My besigheid, Ma!

In my ballon

- Dit gaan ’n lang en koue winter wees, sê die Karoo-boere. Wintersklere is uitgehaal. Die dapper vygies blom nog.
- 'n Paar dae na ons terugkeer van vakansie af, moes ek en Anthonie Pretoria toe. Ons Asperger-seun wil nie saam nie: “Ek kan nie my besigheid so gou weer los nie!” Hy loop ander mense se honde, pas huise op en herwin blikkies en plastiese bottels. So maak hy sy geld vir diepsee-duik of om sy rekenaar af te betaal. Ek is trots op onse Anthoon-kind wat nou 'n besigheidsman is.
- Doen jouself 'n guns en kyk na die “Redeeming Love” film van Francine Rivers. Uitstekend! En nogal in die Kaap verfilm. Dit het my aan my Filtervlinder-boek laat dink

Het jy geweet?

Ek het verlede keer iets genoem oor resensies, en wil vandag verduidelik hoekom ’n skrywer so begaan is oor ’n dekselse resensie?

- Statisties verkoop boeke die meeste op grond van aanbeveling, “by word of mouth”, en op grond van resensies van ander lesers. Jou terugvoer op sosiale media dra BAIE meer gewig as my advertering.

- *Hoe koop ek 'n boek*? Selfs al ken ek die skrywer, kyk ek na ander lesers se resensies. Dit is dieselfde wanneer ek akkommodasie soek... ek soek die opskriffie: Reviews. JOU review/resensie dra BAIE gewig.
- Die slagspreuk staan voor in elkeen van my boeke:

A writer only begins a book, A reader finishes it

(Samuel Johnson)

Elke skrywer skryf vir lesers! Ons wil hê jy moet die boek kan neersit met “dit was die geld werd.”

Daarom maak jou opinie saak. Jou terugvoer vertel ’n eie verhaal vir my toekomstige manuskripte:

Wat het jou verveel? Wat het jou geinteresseer? Wat het jou geirriteer?

'n Resensie HOEF NIE net mooi terugvoer te bevat nie. My ego kan kritiek hanteer, onthou dit asseblief. Ek beaam die volgende uit ’n artikel: “Terugvoer sal jou werk verbeter en jou uiteindelik 'n beter skrywer maak.”

Wat het intussen gebeur?

- Ek is dankbaar... en verras! Klonte Sout het ’n prima goud toekenning gekry by my uitgewer.
-

- Hierdie is my eerste poging om die nuusbrief via Mailchimp te stuur. Ek waag dus nie baie nie, ek moet eers kyk hoe hierdie weergawe by jou uitkom. Ek het jou terugvoer nodig, groot asseblief. Sms/whatsapp (0769216174), epos (skryf@elsabewelman.co.za) of FB Messenger. Het die nuusbrief ordentlik vertoon?

Op my agenda?

Drumroll... ONTFROMMEL !!

Ek hoop om voor volgende maand se nuusbrief, terugvoer te kry van my beta-lesers. ’n Beta-leser vat die manuskrip onder ’n vergrootglas en lig my in van spelfoute, gate in die storie, ’n karakter wat nie goed genoeg ingekleur is nie, ensovoorts.

Jou beurt!

Enige goeie boek wat jy gelees het? Vertel my, dan kan ek dit volgende maand aanbeveel.

Groetnis!